


ST. PIO VAN PIETRELCINA

23 SEPTEMBER

(1887-1968)



Padre Pio, soos hierdie alombemide Kapusiner priester bekend staan, het baie arm groot geword in 'n afgeleë streek van Italië. In sy ouerhuis was God die middelpunt van hul lewe en hierdie allesomvattende manier om vir God alleen te lewe sou die res van sy aardse lewe kenmerk. Hy word priester en wy homself geheel daaraan toe, ten spyte van sy swak gesondheid. In 1910 ontvang hy tydens 'n visioen die stigmata (wonde) van Jesus. Ongeveer vyftig jaar lank sou hy dié pynlike wonde dra en talle mense deur sy aanraking genees. Hy bring ure deur in die biegestoel en raak bekend as uitstekende biegvader en wonderwerker. Hy verduur ook vervolging deur die Kerklike owerhede wat agterdogtig was oor sy gewildheid onder gewone mense. In 1956 stig hy 'n hospitaal waar pasiënte nie net liggaamlike nie, maar ook geestelike behandeling kon kry. Hoewel hy nooit populariteit nagejaag het nie en 'n intense privaat en gebedsvolle mens was, het pelgrims vanoor die hele wêreld hom kom besoek om sy raad en voorbidding te vra.